# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

====================

# QUESTION PAPER ORAL REPLY

====================

Note: * Indicates translated version.

**THURSDAY, 16 APRIL 2026**

**INTERPELLATIONS**

**1. Mr F C Christians to ask Mr I M Sileku, Minister of Mobility:**

(a) What measures has his Department implemented to improve safety on learner transport routes and (b) how many incidents involving learner transport have been recorded in the past 12 months?

*(1)*

**2. Mr B N Herron to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

Multiple parcels of land have been released for "affordable housing" by the WCG over the last two years in the City of Cape Town:

(a) How does his Department identify land for release and (b) what proportion of the land identified or released over the past five years has resulted in completed housing units?

*(4)*

**3. Ms P Z Lekker to ask Mr T A Simmers, Minister of Infrastructure:**

In the light of the exorbitant rental costs and the rising cost of living in the Western Cape:

What is the strategy of the Department to ensure that residents are able to access affordable housing close to areas of opportunity?

*(7)*

**QUESTIONS FOR ORAL REPLY**

**1. Ms A P Bans to ask Mr A R Winde, Premier:**

(1) What is the provincial government's position on the disposal of key public immovable assets in municipalities in the context of the growing demand for public infrastructure and community facilities;

(2) whether the provincial government has any plans to dispose of public immovable assets in the current financial year; if so, what are the relevant details?

*(8)*

**2. Mr F C Christians to ask Mr J J Londt, Minister of Social Development:**

(a) How many state-funded rehabilitation beds are currently available in the Western Cape, (b) what are the waiting periods for admission and (c) what preventative programmes are being rolled out at community level to curb youth addiction?

*(2)*

**3. Mr F C Christians to ask Ms A J D Marais, Minister of Police Oversight and Community Safety:**

In the light of the ongoing surge in gang-related shootings in communities, including in Mitchells Plain, Hanover Park and Delft:

(a) What are the urgent and coordinated interventions currently underway to stabilise areas that are experiencing daily violence and (b) how is her Department supporting neighbourhood watches and community policing forums?

*(3)*

**4. Mr B N Herron to ask Ms A J D Marais, Minister of Police Oversight and Community Safety:**

58% of the budget for safety is being allocated to the provincial policing function:

(a) What (i) activities and (ii) functions fall under provincial policing and (b)(i) how many LEAP officers are on active duty and (ii) where are they stationed?

*(6)*

**5. Mr F Kamfer to ask Mr J J Londt, Minister of Social Development:**

(a) What is his Department doing to ensure that every municipality has a functioning Local Drug Action Committee and (b) why are there only 16 out of a possible 25 local drug action committees?

*(9)*

**6. Ms R Windvogel to ask Ms M M Wenger, Minister of Health and Wellness:**

In respect to the provision of ambulances in the province:

(a) What is the official waiting time for an ambulance in (i) non-metropolitan areas (rural areas) and (ii) the metropolitan area (in particular in the red zones) and (b) what is her Department doing to address the shortage of ambulances in the province?

*(10)*

**7. Mr M B Nqgentsu to ask Ms A J D Marais, Minister of Police Oversight and Community Safety:**

In the light of the reported 345 murders recorded in January 2026 and the additional 83 killings recorded in 11 days in March 2026:

(a) What urgent and coordinated interventions are being implemented and (b) why has there been no decisive oversight response to this ongoing crisis that resembles a war zone?

*(11)*

**8. Ms N D Nkondlo to ask Dr I H Meyer, Minister of Agriculture, Economic Development and Tourism:**

In the light of his Department's strategic priority 5: Improved access to economic opportunity – Pathway 1: Entrepreneurship, including the township economy:

(a) What concrete measures is his Department implementing to fund and grow the township economy meaningfully beyond the allocation for furthering studies in the sector and (b) what timelines are attached to these interventions?

*(12)*

**9. Ms A Cassiem to ask Ms A J D Marais, Minister of Police Oversight and Community Safety:**

With regard to drug houses operating in the province:

(a) How many houses have been shut down with the assistance of law enforcement since January 2026 and (b) how many people have been arrested in connection with operating these drug houses?

*(13)*

**10. Ms A Cassiem to ask Mr D J Maynier, Minister of Education:**

(1) Which schools in the province have been identified as having an annual overflow of learner applications;

(2) whether there are plans to build extra classrooms at these schools and to hire additional teachers at these schools; if so, what are the relevant details?

*(14)*

**11. Ms T Lithakong to ask Mr J J Londt, Minister of Social Development:**

With regard to old-age homes in the province.

(1) Whether there is a database for elderly people in need of placement at old-age homes funded by his Department, especially for elderly people who rely on state grants; if so, what are the relevant details;

(2) whether his Department has its own old-age homes that they administer to the benefit of elderly people in need of care; if not, why not?

*(15)*

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP

====================

# VRAELYS

## MONDELINGE BEANTWOORDING

====================

Nota: * Dui vertaalde weergawe aan.

**DONDERDAG, 16 APRIL 2026**

**INTERPELLASIES**

***1. Mnr F C Christians vra mnr I M Sileku, Minister van Mobiliteit:**

(a) Watter maatreëls sy departement ingestel het om veiligheid op leerdervervoerroetes te verbeter en (b) hoeveel voorvalle waarby leerdervervoer betrokke was, in die afgelope 12 maande aangeteken is?

*(1)*

***2. Mnr B N Herron vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

Die WKR het oor die afgelope twee jaar talle gedeeltes grond in die Stad Kaapstad vir "bekostigbare behuising" vrygestel:

(a) Hoe sy departement grond identifiseer om vrygestel te word en (b) watter deel van die grond wat oor die afgelope vyf jaar geïdentifiseer en vrygestel is, tot voltooide behuisingseenhede gelei het?

*(4)*

***3. Me P Z Lekker vra mnr T A Simmers, Minister van Infrastruktuur:**

In die lig van die buitensporige huurkoste en die stygende lewenskoste in die Wes-Kaap:

Wat die Departement se strategie is om toe te sien dat inwoners toegang tot bekostigbare behuising naby gebiede vir geleenthede het?

*(7)*

## VRAE VIR MONDELINGE BEANTWOORDING

***1. Me A P Bans vra mnr A R Winde, Premier:**

(1) Wat die provinsiale regering se standpunt is oor die beskikking van belangrike openbare onroerende bates by munisipaliteite in die konteks van die toenemende aanvraag na openbare-infrastruktuur- en gemeenskapsfasiliteite;

(2) of die provinsiale regering enige planne het om in die huidige finansiële jaar onroerende bates te beskik; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(8)*

***2. Mnr F C Christians vra mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:**

(a) Hoeveel staatsbefondsde rehabilitasiebeddens tans in die Wes-Kaap beskikbaar is, (b) wat die wagtydperke vir opname is en (c) watter voorkomingsprogramme op gemeenskapsvlak bekendgestel word om jeugverslawing te verhoed?

*(2)*

***3. Mnr F C Christians vra me A J D Marais, Minister van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid:**

In die lig van die voortslepende skerp styging in bendeverwante skietvoorvalle in gemeenskappe, insluitende in Mitchells Plain, Hanover Park en Delft:

(a) Watter dringende en gekoördineerde ingrypings tans aan die gang is om gebiede te stabiliseer waar geweld daagliks ervaar word, en (b) hoe haar departement buurtwagte en gemeenskapspolisiëringsforums ondersteun?

*(3)*

***4. Mnr B N Herron vra me A J D Marais, Minister van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid:**

58% van die begroting vir veiligheid word aan die provinsiale polisiëringsfunksie toegewys:

(a) Watter (i) aktiwiteite en (ii) funksies onder provinsiale polisiëring ressorteer en (b)(i) hoeveel LEAP-beamptes aktief aan diens is en (ii) waar hulle geplaas is?

*(6)*

***5. Mnr F Kamfer vra mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:**

(a) Wat sy departement doen om toe te sien dat elke munisipaliteit ’n funksionerende Plaaslike Aksiekomitee teen Dwelms het en (b) waarom daar slegs 16 uit 25 moontlike plaaslike aksiekomitees teen dwelms is?

*(9)*

***6. Me R Windvogel vra me M M Wenger, Minister van Gesondheid en Welstand:**

Ten opsigte van die voorsiening van ambulanse in die provinsie:

(a) Wat die amptelike wagtyd vir ’n ambulans in (i) nie-metropolitaanse gebiede (plattelandse gebiede) en (ii) die metropolitaanse gebied (veral die rooi sones) is en (b) wat haar departement doen om aan die tekort aan ambulanse in die provinsie aandag te skenk?

*(10)*

***7. Mnr M B Nqgentsu vra me A J D Marais, Minister van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid:**

In die lig van die aangemelde 345 moorde wat in Januarie 2026 aangeteken is, en die bykomende 83 moorde wat in 11 dae in Maart 2026 aangeteken is:

(a) Watter dringende en gekoördineerde ingrypings ingestel word en (b) waarom daar geen beslissende toesigreaksie op hierdie voortslepende krisis wat soortgelyk aan ’n oorlogsone is, is nie?

*(11)*

***8. Me N D Nkondlo vra dr I H Meyer, Minister van Landbou, Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme:**

In die lig van sy departement se strategiese prioriteit 5: Verbeterde toegang tot ekonomiese geleenthede – Baan 1: Entrepreneurskap, insluitende die township-ekonomie (“strategic priority 5: Improved access to economic opportunity – Pathway 1: Entrepreneurship, including the township economy”):

(a) Watter konkrete maatreëls sy departement instel om die township-ekonomie beduidend te befonds en te laat groei buiten die toewysing vir verdere studies in die sektor en (b) watter tydlyne aan hierdie ingrypings gekoppel word?

*(12)*

***9. Me A Cassiem vra me A J D Marais, Minister van Polisietoesig en Gemeenskapsveiligheid:**

Met verwysing na dwelmhuise wat in die provinsie bedryf word:

(a) Hoeveel huise sedert Januarie 2026 met behulp van wetstoepassing gesluit is en (b) hoeveel mense in verband met die bedryf van hierdie dwelmhuise in hegtenis geneem is?

*(13)*

***10. Me A Cassiem vra mnr D J Maynier, Minister van Onderwys:**

(1) Watter skole in die provinsie geïdentifiseer is met ’n jaarlikse oorvloed leerderaansoeke;

(2) of daar planne is om ekstra klaskamers by hierdie skole op te rig en bykomende onderwysers by hierdie skole aan te stel; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is?

*(14)*

***11. Me T Lithakong vra mnr J J Londt, Minister van Maatskaplike Ontwikkeling:**

Met verwysing na tehuise vir bejaardes in die provinsie:

(1) Of daar ’n databasis is vir bejaardes wat plasing by tehuise vir bejaardes nodig het wat deur sy departement befonds word, veral vir bejaardes wat van staatstoelaes afhanklik is; so ja, wat die tersaaklike besonderhede is;

(2) of sy departement sy eie tehuise vir bejaardes het wat tot voordeel van bejaardes wat versorging nodig het, geadministreer word; so nee, waarom nie?

*(15)*